



**Western Cape
Government**

Cultural Affairs and Sport

Inisiasie Raamwerk en Protokol 2014

Inhoud

1	Inleiding	1
2	Agtergrond en benadering	2
3	Die Wes-Kaapse konteks	4
4	Die uitdagings.....	4
5	Oogmerk	4
6	Doelwitte	5
7	Hoofelemente.....	5
7.1	Raadpleging en koördinerings van belanghebbendes.....	5
7.1.1	Inisiasieforums.....	5
7.1.2	<i>lingcibi</i> (Tradisionele snydokters)	6
7.1.3	<i>Amakhankatha</i> (Versorgers).....	6
7.1.4	Cape Nature	7
7.1.5	Die Departement van Gesondheid.....	7
7.1.6	Departement van Vervoer en Openbare Werke	8
7.1.7	Munisipaliteite	8
7.2	Opleiding, monitering en gehalteversekeringsmaatreëls	9
7.3	Provinsiale koördinerings	8
7.4	Riglyne en kriteria vir identifikasie en ontwikkeling van persele	9
7.5	Minimumvereistes vir die fases van inisiasie	10
8	Wetgewing en ander mandate	12
9	Gevolgtrekking	12
10	Verwysings	13

1. Definies van ingeslote terminologie

In hierdie beleid, tensy uit die samehang anders blyk, beteken:

“versorgers” mans wat na afloop van die besnyding verantwoordelikheid vir die versorging van ingewydes oorneem. Hierdie mans het ook inisiasie ondergaan en die proses om die leer en lesse oor te dra, berus by hulle.

“kulturele praktyke” die middel waardeur lede van die samelewing waardes en lewenswyses deur sielkundige, sosiale en simboliese interaksies oordra.

“ingewydes” tienerseuns wat 'n oorgangproses van seunskap na manlikheid ondergaan.

“inisiasieforums” strukture wat verantwoordelik is vir die inskrywing van voornemende ingewydes en die eerste punt van kontak en 'n vereiste is vir gemeenskappe wat inisiasie nakom en praktiseer.

“inisiasieskole” kulturele opvoedkundige instellings waar ingewydes die waardes eie aan sosiale verantwoordelikheid, kultuur, dissipline en aanvaarbare gedrag geleer word.

“manlike besnyding” die chirurgiese verwydering van die voorhuid deur 'n tradisionele snydokter as deel van 'n tradisionele manlike inisiasieproses.

“manlike inisiasie” 'n oorgangsrite wat die oorgang van seunskap na manlikheid illustreer (om karakter te bou).

“verwysingsgroep” 'n groep persone wat die beleide en praktyk van inisiasie verstaan en wat die buffer tussen die regering en gemeenskappe vorm.

“heilig en geheim” tradisionele of godsdienstige rituele wat voor, gedurende en na die inisiasie uitgevoer en onderrig word en wat om tradisionele of godsdienstige redes nie openbaar gemaak moet word nie.

“tradisionele snydokter” 'n persoon wat die besnyding van seuns gedurende die inisiasie-oorgangsrite uitvoer.

2. Inleiding

Die Departement van Kultuursake en Sport beskou die wetlike mandaat as bindend ten opsigte van die beskerming, bevordering en bewaring van kuns, kultuur en erfenis in die Wes-Kaap Provinsie. Dit is teen hierdie agtergrond dat daar in 2007, in ooreenstemming met die Batho Pele-beginsels, waardeur groter deelname van die publiek vereis word, navorsing onderneem is oor die uitdagings wat gemeenskappe ten opsigte van inisiasiepraktyke ervaar. Die navorsing beklemtoon die unieke uitdagings wat in die provinsie ervaar word met betrekking tot die identifikasie en bestuur van persele, veilige en higiëniese praktyke, voorsorg en nasorg, die kulturele waarde van inisiasie, maatskaplike en gesinsrolle en die verantwoordelikhede van die geïnisieerdes. 'n Provinsiale raamwerk is ontwikkel om die protokol en rol van die onderskeie rolspelers uit te spel.

Die benadering tot die raamwerk word deur die volgende gerig:

- Dit word gebaseer op die veronderstelling dat inisiasie 'n kulturele saak met gesondheidsimplikasies is;
- Die inisiatief word gelei en bestuur deur die Departement, gemeenskapstrukture, die bewaarders en praktisyns van die kultuur, ondersteun deur die interdepartementele inisiasie-taakspan;
- Die proses is gebaseer op navorsing en berus dus op 'n ingeligte vertrekpunt;
- Dit het 'n gefaseerde en geteikende benadering; en
- Dit berus op raadpleging.

3. Agtergrond en benadering

Inisiasiepraktyke kom universeel voor onder vele kulture. Dit kom voor in allerlei vorme en word op verskillende wyses uitgedruk. Dit is historiese aanduiders wat deur menslike gemeenskappe gebruik word om die oorgang van een lewensfase na 'n ander aan te dui. Dit is 'n deurgangsrutueel waardeur die individu of individue in 'n groep of gemeenskap ingelyf word. Universeel bekende voorbeelde van inisiasie sluit in die Christelike doop of die Joodse *bar mitzvah*. Inisiasie as 'n deurgangsrutueel word dikwels te eenvoudig en simplisties beoordeel. Baie kommentators en beleidsmakers stel dit eenvoudig net gelyk aan die praktyk van besnyding (sien die Verslag oor openbare verhore oor inisiasieskole in Suid-Afrika deur die Kommissie oor Kulturele, Godsdienstige en Taalregte, p.10).

Kulturele praktyke is 'n wyse waarop gemeenskapslede waardes en lewenswyses deur sielkundige, sosiale en simboliese interaksie en kennisoordrag vaslê.

Antropoloë kategoriseer rituele¹ in drie spesifieke groepe: rituele wat kalendries is, rituele wat ongeluk aanspreek en deurgangrituele. Manlike inisiasie val onder die laasgenoemde kategorie en dit illustreer die oorgang van seun-wees (*ubukhwenkwe*) na man-wees (*ubudoda*). Die inisiasiepraktyke van die amaXhosa, abeSotho en amaHlubi² is die dominantste in die Wes-Kaap. Geen spesifieke ouderdom word vir hierdie rites voorgeskryf nie (seuns tussen die ouderdom³ van 18 ondergaan inisiasie). Inisiasie is 'n belangrike maatskaplike instrument om adolessensie te hanteer. Die opleiding en voorbereiding wat in die inisiasieskole voorsien word, vergemoontlik die verskuiwing vanaf kindergedrag na meer komplekse gedrag, soos dié wat van volwassenes verwag word (Schlegel en Barry).

"Mans wat inisiasie ondergaan het, word onderskei deur hul sosiale gedrag en 'n spesifieke woordeskat wat hulle tydens die tydperk in die bos geleer het."

Die inisiasieskole word beskou as kulturele opvoedingsinrigtings waar geïnisieerdes die waardes van maatskaplike verantwoordelikheid geleer word, dissipline en aanvaarbare optrede, asook meer oor hul kultuur. Die waardes wat na jonger seuns afwentel terwyl hulle onderweg na man-wees is, is krities vir hul sosiale en sielkundige ontwikkeling in die middelfase tussen kind-wees en volwassenheid.

Die adolessensie-fase, volgens Mead (Mead, M. 1928. *Coming of age in Samoa: A psychological study of primitive youth for Western civilization*), indien nie gemoniteer nie, kan vernietigend inwerk op die individuele adolessent, die gesin en die gemeenskap. Mead beskryf voorts hierdie fase as 'n delikate fase. Die seun is nóg 'n kind, nóg 'n man, dus ontwikkelingsgewys nie deel van die gemeenskap nie. Sy sê: "Dit is die tyd wanneer tieners verby hulself kyk, en in hierdie fase het hulle twee keuses: of om aan te sluit by die verantwoordelike volwassenes, of om die portuurgroep te volg, in 'n alternatiewe gemeenskap" (Mead, 1928, p. 3). Die rol van inisiasie word dus baie krities om 'n jong man te lei om 'n waardige man met toepaslike verantwoordelikhede in sy gemeenskap te word.

Hoewel die praktyk die tydsdruk oorleef het, is daar die behoefte vir modernisasie en gepaardgaande uitdagings. Die weerstandigheid word getoets teen sy vermoë om aan te pas en vir hierdie moderne tendense voorsiening te maak, terwyl dit terselfdertyd sy behoorlike plek en uitdrukking moet vind. Afgesien daarvan, word manlike inisiasie vandag weens die talle probleme deur 'n openbare vloed van kritiek oorweldig.

Die instelling van inisiasie en die beskerming daarvan is 'n gemeenskap se kulturele, spirituele en godsdienstige reg. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika maak voorsiening vir die beskerming en bevordering van hierdie regte. Hierdie regte word gewaarborg deur die onderskeie grondwetlike liggame wat onafhanklik van die regering opereer, kultuurregte beskerm en op hierdie wyse word grondwetlike demokrasie in die Republiek verstewig.

1. Terwyl dit erken word dat sommige aspekte van inisiasie as geheim beskou kan word, mag geen sodanige praktyk ooit die lewe van ingewydes in gevaar stel of ernstige beserings van of skade aan ingewydes veroorsaak nie.
2. Volgens inligting wat van die Nasionale Khoi-San Raad verkry is en navorsing wat in 2013 deur die DTA gedoen is, word inisiasiepraktyke van die Khoi- en San-gemeenskappe hoofsaaklik onder die Nama- en San-groepe gevind.
3. Die Kinderwet beskryf enige persoon onder die ouderdom van 18 as 'n "kind" en plaas streng voorwaardes op die besnyding van mans én vroue.

4. Die Wes-Kaapse konteks

Uit al die provinsies het die Wes-Kaap histories die kleinste getal mense wat die inisiasiekultuur, soos beoefen deur die amaHlubi-, abeSotho- en amaXhosa-gemeenskappe, navolg en toepas. Hierdie praktyk is een van die hoekstene van die kultuur van die groepe hierbo vermeld. Studies toon dat manlike besnyding vir ongeveer 5 000 jaar in sommige gemeenskappe voorkom en vandag word dit deur een sesde van die wêreldbevolking gepraktiseer (Helman, 2000, p. 13). Inisiasiepraktyk is diepgewortel in ons gemeenskappe, nie net in die landelike gebiede van die Provinsie nie, maar ook in die Metro.

5. Die uitdagings

Die navorsing wat deur die Departement onderneem is, beklemtoon die volgende:

- Toename in dwelm- en alkoholmisbruik op inisiasiepersele;
- Sommige versorgers en snydokters is nie opgelei nie;
- Swak en ongesonde lewensomstandighede in die inisiasieskole en –persele;
- Geïnisieerdes wat na die inisiasieskool toe gaan, terwyl hulle nie fisies opgewasse is vir die toestand by die inisiasie-perseel of -skool nie, bv. vanweë 'n voorafbestaande algemene siekte of abnormaliteit van geslagsorgane, of van ander organe in die liggaam;
- Gebrek aan toesig en instandhouding van behoorlike gesondheidsstandaarde by inisiasieskole en –persele;
- Nuwe/opkomende siektes, bv. MIV/VIGS en virale breinvliesontsteking;
- Ongesonde omgewingstoestande, bv. moerasse of afvalbergplekke wat nabygeleë is;
- Gebrek aan natuurlike plantegroei wat vir die praktyk nodig is;
- Onvolhoubare benutting van perseelomgewing;
- Die meeste geskikte grond is in privaatbesit;
- Toename in geïnisieerdes uit enkelouerhuise;
- Gebrek aan burgerlike raadgewing en leierskap;
- Migrasie na die stad; en
- Impak van modernisasie.

6. Oogmerk

Die oogmerk met hierdie raamwerk is om 'n veilige omgewing te skep wat 'n doeltreffende deurgangsrutueel na verantwoordelike volwassenheid en burgerskap moontlik sal maak.

7. Doelwitte

- Om gemeenskaps- en regeringsinisiatiewe te ontwikkel en te onderskraag wat die kultuurpraktyk van inisiasie verbeter;
- Om riglyne vir die praktyk van inisiasie te voorsien;
- Om die misverstande oor inisiasiepraktyke tussen gemeenskappe en die regering uit die weg te ruim;
- Om interprovinsiale samewerking uit te brei;
- Om hierdie praktyk te vestig in die hoofstroom van die kultuurlandskap van die Wes-Kaap;
- Om die standaarde en huidige praktyke te verbeter; en
- Om gemeenskapsdeelname en -betrokkenheid aan te moedig.

8. Hoofelemente

- Konsultasie en koördinerings van belanghebbendes;
 - Opleiding, monitering en gehalteversekeringsmaatreëls;
 - Provinsiale koördinasie;
 - Voorsien riglyne en kriteria oor identifikasie en ontwikkeling van persele; en
 - Minimumstandaarde vir die praktisyns.
-
- Ouers/familie en gemeenskap.

8.1 Raadpleging en koördinerings van belanghebbendes

Die Departement van Kultuursake en Sport is die leidende belanghebbende op grond van sy mandaat om die kultuurerfenis van die Provinsie te beskerm en te bewaar. Die Departement fasiliteer en koördineer die insette van die diverse belanghebbendes betrokke in die proses. Dit is in ooreenstemming met artikel 6.2 van die Batho Pele Witskrif: "Batho Pele sal dus vennootskappe smee met die wyer gemeenskap, waaronder besighede, nywerhede, NRO's, GGO's, akademiese instellings en ander liggame regdeur die gemeenskap wat almal 'n rol kan speel".

8.1.1 Inisiasieforums

Inisiasieforums is die aanvanklike ontmoetingspunt en 'n vereiste⁴ vir gemeenskappe wat inisiasie nakom en praktiseer. Dit word voorgestel dat die forums saamgestel word uit individue en instellings wat 'n direkte belang of impak op die inisiasiepraktyk het. Burgerlike samelewingsleiers, praktisyns, mediese personeel en wyksraadslede word in hierdie

4. Dit word aanbeveel dat voornemende ingewydes, hul ouers en/of wettige voogde deur professioneel gekwalifiseerde geneeshere ingelig word oor die moontlike mediese risiko's van inisiasiepraktyke, veral besnyding in die geval van manlike inisiasie, om te verseker dat hulle ingeligte besluite neem.

strukture verteenwoordig. Die inisiasieforums moet aandag skenk aan sake wat verband hou met die drie fases, nl. pre-inisiasie, die inisiasiefase en die post-inisiasie-fase.

8.1.2 *lingcibi* (Tradisionele snydokters)

lingcibi speel 'n kernrol in die leierskap en verwesenliking van hierdie praktyk en is waardevolle bronne van 'n vaardigheid wat toenemend skaars word. *lingcibi* benodig uitgebreide kennis en vaardighede om hul werk⁵ doeltreffend te verrig. Hulle speel 'n sentrale rol in die opleiding en sonder hulle samewerking, goedkeuring en implementering sal die praktyk negatief beïnvloed word.

'n Databasis van tradisionele snydokters (*lingcibi*), versorgers (*Amakhankatha*) en ingewydes wat versorg word, berus by die inisiasieforums.

Kriteria vir tradisionele snydokters:

- Tradisionele snydokters moet ouer as 40 jaar wees voordat hulle geregistreer kan word.
- Geen tradisionele snydokters sal toegelaat word om besnyding te doen as hulle nie geregistreer is (inisiasieforum/departement) of behoorlike opleiding ontvang het nie.
- Geen tradisionele snydokters kan besnyding doen as hulle onder die invloed van alkohol of enige ander dwelm is nie.
- Tradisionele snydokters moet verseker dat die gebied waar besnyding gedoen word, higiënies en skoon is.
- Tradisionele snydokters moet in die eerste agt dae versorgers help om die wond te monitor.
- Tradisionele snydokters moet verseker dat versorgers behoorlike werk verrig en moet hul bevindinge aan die inisiasieforum en die ouers rapporteer.
- Gesondheidsnoodgevallen van ingewydes moet aan die inisiasieforum gerapporteer word en ingewydes moet ontruim word om behoorlike behandeling deur 'n mediese dokter te verseker.

8.1.3 *Amakhankatha* (Versorgers)

Die oordrag van kennis en lesse berus by hulle. *Amakhankatha*⁶ is verantwoordelik vir die sorg van die geïnisieerdes en speel 'n belangrike rol in die versorging van die geïnisieerde ná die besnydingsfase.

5. Artikel 28(1)(d) van die Grondwet bepaal dat elke kind die reg het om teen mishandeling, verwaarloosing, misbruik of vernedering beskerm te word. Artikel 12(1) van die Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) bepaal dat elke kind die reg het om nie aan sosiale, kulturele en godsdienstige praktyke wat nadelig vir sy of haar welsyn is, onderwerp te word nie.

6. Alhoewel dit nie direk met inisiasie verband hou nie, moet kennis geneem word van die definisie van "versorger" in artikel 1 van die Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005). Dit word gedefinieer as "... enige persoon buiten 'n ouer of voog wat in werklikheid vir 'n kind sorg en sluit in-

(a) 'n pleegouer;

(b) 'n persoon wat vir 'n kind sorg met die geïmpliseerde of uitdruklike toestemming van daardie kind se ouer of voog;

(c) 'n persoon wat vir 'n kind sorg terwyl die kind in tydelike veilige sorg is;

(d) die persoon aan die hoof van 'n kinder- en jeugsorgsentrum waar 'n kind geplaas is;

(e) die persoon aan die hoof van 'n skooling;

(f) 'n kinder- en jeugsorgwerker wat sorg vir 'n kind wat sonder geskikte gesinsorg in die gemeenskap is; en

(g) 'n kind wat aan die hoof van 'n huishouding staan;"

Daar is dus 'n behoefte aan kapasiteitsontwikkeling van die versorger se vermoë om te versorg en beserings en sterftes te verhoed.

Dit is verkieslik dat 'n versorger manlik is, aan die praktyk van inisiasie onderwerp was, ten minste 35 jaar of ouer is en op die databasis gelys is. Versorgers moet geen geskiedenis van kriminele skuldigbevinding of kindermishandeling hê nie en moet in hul gemeenskappe gerespekteer word.

Die versorger moet vroeë veiligheids- en mediese ingrypings⁷ verseker, indien nodig, en die familie of die aangestelde gevolmagtigdes dienooreenkomstig in kennis stel.

8.1.4 Ouers/familie en gemeenskap

Ouers (voogde), families en die gemeenskap vorm deel van die belangrike rolspelers tydens die inisiasieproses. Hulle moet aan die jong man geestelike en wesenlike ondersteuning bied. Hulle betrokkenheid om vanaf die pre- na die post-inisiasiefase die koste vir alle basiese behoeftes en verwante onderhoudsvereistes te dek, is onvermydelik.

Ouers/voogde moet toestemming verleen vir die voornemende ingewyde om die inisiasieproses te ondergaan, mediese toetsing verseker en 'n mediese sertifikaat lewer.

8.1.5 Kaap Nature

Die organisasie se mandaat is die bewaring en instandhouding van ons natuurlike omgewing, 'n omgewing waarop insiasie praktyk 'n invloed het. Hulle bydrae is daarop gefokus om toe te sien dat die praktyk deur die opleiding en bewusmaking van gemeenskappe omgewings sensitief en omgewingsvriendelik is. Daarby voorsien die instelling professionele hulp met die identifikasie en ontwikkeling van persele in bewaringsgebiede en elders, indien die behoefte daarvoor ontstaan. Hulle onderhandel met gemeenskappe om grondbesetting in reservate te verminder.

8.1.6 Die Departement van Gesondheid

Inisiasie is 'n kultuurpraktyk met gesondheidsimplikasies. Die Departement van Gesondheid het die geskikte infrastruktuur wat in die verwesenliking van die program se doelwitte aangewend kan word. Hierdie Departement sal ook die ontwikkeling van protokol en die besonderhede van die volgende sake ondersoek:

- 'n Reaksieprogram vir die uitbreek van siektes en 'n provinsiale beheerprogram vir ontstekings om siektes en ontstekings in inisiasiepersele te bestuur;
- Toegang tot gesondheidsorgfasiliteite indien komplikasies voorkom (waaronder verwysingsroetes wat gevolg moet word);
-

7. Artikel 43(3)(a) van die Wet op Nasionale Gesondheid, 2003 (Wet 61 van 2003) bepaal dat "die Minister kan, in die belang van die gesondheid en welsyn van persone wat 'n inisiasieskool bywoon en behoudens die bepalings van enige ander wet, die voorwaardes voorskryf waaronder die besnyding van 'n persoon as deel van 'n inisiasieseremonie uitgevoer mag word."

- Die vroeë opspoor van gesondheidskomplikasies by geïnisieerdes;
 - Opleiding van tradisionele snydokters, versorgers en moniteerders;
-
- Beheerde toegang tot basiese versorgingsmateriaal vir opgeleide praktisyns by provinsiale afsetpunte en of klinieke;
 - Uitreikprogramme vir tradisionele inisiasieskole en steun aan die besnydingsprogram; en
 - Instandhouding van 'n databasis en statistieke deur departementele infrastruktuur op inisiasiepersele.

8.1.7 Departement van Vervoer en Openbare Werke

Die Departement van Vervoer en Openbare Werke beskik oor die kundigheid om met die ontwikkeling en voorsiening van geskikte infrastruktuur op inisiasiepersele steun te bied, byvoorbeeld:

- Identifikasie van grondeienaarskap;
- Onderhandeling vir grond om as inisiasiepersele gebruik te word; en
- Die instandhouding van sodanige persele, deur aanwending van die Uitgebreide Openbare Werkeprogram (UOWP).

Ooreenkomste behoort gesluit te word vir die benutting van grond wat aan die nasionale regering of aan plaaslike owerhede behoort en wat vir inisiasie aangewend word.

8.1.8 Departement van Gemeenskapsveiligheid/SAPD

Die ingewydes word tydens die inisiasietydperk aan talle uitdagings blootgestel, insluitende veiligheid, en vandaar gemeenskapsveiligheid se betrokkenheid by die pre- en post-fase van inisiasie.

8.1.9 Munisipaliteite

Munisipaliteite moet die nodige infrastruktuur voorsien, soos grond, skoon water en inisiasiepersele waar dit moontlik is. Ooreenkomste moet met gemeenskappe gesluit word en grond moet paslik gesoneer word.

8.2 Provinsiale koördinerings

Die doel is om provinsiale insette te koördineer om doeltreffende en doelmatige bestuur van inisiasiepraktyke te verseker en om verskillende benaderings saam te snoer. Die interdepartementele forums bestaan uit en fokus op die volgende:

- Afgevaardigde beamptes wat departementele programme doeltreffend met die vereistes van die inisiasieprogram kan versoen;

- Ontwikkeling van 'n jaarlikse geïntegreerde plan vir inisiasie deur die Komitee van Belanghebbendes;
- Versekering en instandhouding van 'n akkurate databasis van inisiasie in die Provinsie; en
- Identifiseer van en reageer op tendense en patrone van inisiasiepraktyke.

8.3 Opleiding, monitering en gehalteversekeringsmaatreëls

Die opleiding is gerig op die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike begrip oor sake wat op inisiasie van toepassing is.

- Opleiding van versorgers, tradisionele snydokters en moniteerders moet voortdurend plaasvind en moet op kerngebiede van gesondheid en higiëne, brandbestuur en -beheer en volhoubare benutting van omgewingshulpbronne fokus;
- Opleiding vir die forum moet op organisatoriese ontwikkeling gerig wees; en
- Die monitering moet fokus op aspekte wat betrekking het op die oorhoofse verbetering van persele, geïnisieerdes, vermindering in voorkoms van beserings en toenemende nakoming van vereistes.

8.4 Riglyne en kriteria vir identifikasie en ontwikkeling van persele

Identifikasie van potensiële inisiasiepersele en die ontwikkeling daarvan geskied volgens die kriteria hieronder:

Element/ Veranderlike	Beskrywing/Vraag	Moontlike kriteria
Gebruik of skaal	Kan daar voorsiening gemaak word vir 'n paar streekpersele of moet daar eerder kleiner plaaslike perseel wees of is 'n kombinasie die beste?	3–4 streekpersele Kleiner persele in elke distrik Kombinasie
Ligging	Kan die perseel of persele buite die stedelike gebied geleë wees en wat is die maksimum afstand?	Binne die plaaslike gebied Nie meer as 5 km van die gemeenskap, binne 20 minute per voertuig
Grootte	Wat is die minimumgrootte vir 'n perseel? Indien streekpersele gekies word, wat is die ideale grootte?	1–3 ha 3–7 ha <7 ha

Element/ Veranderlike	Beskrywing/Vraag	Moontlike kriteria
Dienste	Watter diensvlak word op die perseel vereis? In stedelike gebiede moet water en sanitasie oorweeg word	Geen dienste Slegs water Water en sanitasie Afvalverwydering
Samestelling van perseel	Watter spesifieke plantegroei word vereis? Kan die perseel langs die see wees? Moet die grond gelyk wees of kan dit teen 'n berg wees?	Bome op 'n gelyke gebied Sand en struik Langs die see
Toegang en parkering	Word toegang vir voertuie en parkering vereis en is dit nodig vir busse om by die perseel uit te kom?	Geen toegang vir voertuie Slegs toegang per voertuig Parkering Toegang van busse
Eienaarskap	Ideaalgesproke moet die grond in besit van 'n openbare entiteit wees	Openbaar Privaat
Ander	Kan 'n perseel gedeel word deur ander gebruikers of vir ander gebruike, bv. stedelike landbou, ens.	Slegs geïnisieerdes Gedeelde gebruik aanvaarbaar

Toegewyde inisiasiepersele moet op 'n omgewingsensitiewe en volhoubare wyse gebruik word. Die inisiasie terrein moet verkieslik aan al die volgende vereistes voldoen:

- Dit moet in besit wees van een van die drie sferes van regering;
- 'n Diensvlak-ooreenkoms tussen die grondeienaar en 'n erkende gemeenskapsorganisasie met betrekking tot die bestuur en bedryf van die terrein behoort opgestel en formeel onderteken te word;
- 'n Terreinontwikkelingsplan vir elke inisiasie terrein wat die ligging van fasiliteite en dienste op die perseel aandui, parkering en toegang reël en die langtermyn-omgewingsbestuur van die gebied en sekuriteit toelig, behoort opgestel te word;
- Gesondheids- en sanitasieverwante aspekte, onder andere die voorsiening van vars water, storte en toilette moet oorweeg word; en
- Vullisverwydering en brandbestryding moet gedek word.

8.5 Minimumvereistes vir die fases van inisiasie

Inisiasie⁸ bestuur is verdeel in drie fases waarvan elkeen nagekom moet word.

Pre-inisiasie

Die voorbereidende fase stel gesinne en gemeenskappe in staat om raad voor te berei en oor inisiasie te besluit. Dit behels die volgende:

- Getekende klaringsbewys van die ouers of regsvoog van enige voornemende geïnisieerde onder 21 jaar, moet aan die mediese beampte getoon word voordat die mediese ondersoek onderneem word;
- Voornemende geïnisieerdes moet twee maande voor inisiasietyd 'n mediese ondersoek ondergaan om enige potensiële gesondheidskomplikasies wat gedurende inisiasie mag ontwikkel, te identifiseer. Dit word gedoen by plaaslike klinieke en gesondheidsinstellings;
- 'n Sertifikaat van die mediese beampte sal aan die geïnisieerde en gesin uitgereik word om enige spesiale behoeftes wat die voornemende geïnisieerde mag hê, aan te dui; en
- Die gesin en 'n verteenwoordiger sal die voornemende geïnisieerde by die betrokke forum en/of wykraadslid registreer, waarin die perseel wat gebruik gaan word, asook die datum vir die inisiasie, verstrek word.

Tydens inisiasie

Hierdie fase verseker die gesondheid en welstand van die geïnisieerde en beklemtoon die volgende:

- 'n Tradisionele sjiirurg moet 'n gesteriliseerde instrument vir besnyding gebruik.
- 'n Sjiirurg mag nie dieselfde instrument op meer as een geïnisieerde gebruik nie.
- Die instrument wat vir besnydenis gebruik word, moet deur die geïnisieerde se voog goedgekeur word voordat dit gebruik word.
- Opgeleide monitors wat vertrou is met die praktyk, sal gereeld die persele besoek om die gesondheid en welsyn van die geïnisieerdes, asook die higiëne en omgewingsgesondheid op die perseel te assesser. Enige aspekte van kommer word aan die gemeenskapstruktuur en die plaaslike gesondheidsinstelling vermeld.
- Sodanige bekommernisse sal waar moontlik op plaaslike vlak aangespreek word en sal by die plaaslike mediese instelling opgeteken word.
- 'n Mediese beampte wat vertrou is met die inisiasiepraktyk, sal ontbied word indien enige komplikasies ontwikkel, en 'n gepaste besluit sal aan die hand van sy assessering geneem word. 'n Verslag sal by die toepaslike plaaslike gesondheidsinstelling ingedien word. Sleg 'n opgeleide versorger mag 'n geïnisieerde behandel.

- 'n Opgeleide versorger is vir die geïnisieerde aangestel en geen versorger mag gedurende die seisoen meer as vyf geïnisieerdes tydens 'n inisiasie versorg nie.
- 'n Versorger moet onmiddellik enige teken van siekte of besering aan die moniteerders, 'n mediese beampte of lede van die plaaslike inisiasiestruktuur rapporteer.
- 'n Versorger moet toesien dat geïnisieerdes in sy sorg nie aan die elemente en of uiterste koue of dehidrasie blootgestel is nie, veral gedurende die eerste agt dae van die geïnisieerde se verblyf.

Post-inisiasie

Geïnisieerdes, wat, weens verskeie omstandighede uit die inisiasieskool ontslaan is voordat heling volkome plaasgevind het, sal by plaaslike mediese instellings versorg word. Mediese personeel moet sorg dra om tydens die behandelingsproses vertroulikheid te handhaaf.

8.6 Wetgewing en ander mandate

- Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996).
- Toepassing van gesondheidsstandaarde in tradisionele besnydenis, Oos-Kaap (Wet 6 van 2001).
- Wet op Tradisionele Praktisyne (Wet 22 van 2007).
- Ander toepaslike wetgewing Gevolgtrekking

9. Konklusie

Inisiasie is een van die min kultuurpraktyke wat die sosiale, ekonomies en politieke veranderinge deur die eeue deurstaan en oorleef het. Dit dien as bewys van die waarde wat aan hierdie kultuuraspek geheg word deur die gemeenskappe wat dit beoefen. Dit lewer ook bewys van die praktyk se vermoë om by veranderende situasies en omstandighede aan te pas.

Dus word van die Departement vereis, in ooreenstemming met sy mandaat, om benaderings en raamwerke te ontwikkel, wat nie net die praktyk veiliger sal maak nie, maar ook sal verseker dat dit in ooreenstemming is met huidige ontwikkelings en waarde sal toevoeg tot die kulturele lewe van die gemeenskappe van die provinsie.

10. Verwysings

1. Kommissie oor Kulturele, Godsdienstige en Taalregte. 2010. *Verslag oor openbare verhore oor inisiasieskole in Suid-Afrika*.
2. Mead, M. 1928. *Coming of age in Samoa: A psychological study of primitive youth for Western civilization*. New York: William Morrow.
3. Thomas, Q. 2009. *Provision of initiation sites in the City of Cape Town: Metropolitan spatial planning perspective*. Paper delivered at the 2009 Initiation Indaba, Cape Town.
4. Dr Guma, M. 2007. *A situational analysis of sites for male initiation schools located in the Western Cape Province*.
5. Western Cape Health Department. 2009. *Health-sector circumcision strategy & operational plan*.
6. Government Notice 1459 of 1997. White Paper on Transforming Public Service Delivery (Batho Pele Witskrif).
7. Egger: *Studies in Puberty amongst youngsters in Papua New Guinea*.
8. *Verslag oor die Raadplegende Werkswinkel (Valkenburg), 30 Mei 2013 (Kaapstad)*.

11. Fase van die raamwerk

FASE 1 NAVORSING	FASE 2 LOODS VAN PROJEK EN OPLEIDING	FASE 3 LEER EN VERBETERING	FASE 4 ONTWIKKELING VAN RIGLYNE
<ul style="list-style-type: none"> • Inisieer van projek • Netwerkproses en bewerkstelling van kontak (bou van vertroue) • Veldwerk en data-insameling • Dataverwerking en verslagskrywing • Aanbevelings 	<ul style="list-style-type: none"> • Skakel weer met gemeenskappe (raadpleging) • Identifiseer koöperatiewe in die gemeenskappe • Ontwikkeling van Implementasieplan van behoeftes • Identifiseer geskikte persele in elke gemeenskap • Onderhandel met toepaslike grondeienaars om persele te bekom • Identifiseer gebiede van grootste impak • Voorsien toepaslike opleiding • Loods die projek in die gebiede • Stig forum vir belanghebbendes met duidelike ooreenkomste en voorwaardes 	<ul style="list-style-type: none"> • Bepaal moniterings- en evalueringskriteria vir die seisoen. • Versamel en stel inligting saam in gemeenskappe oor die impak of doeltreffendheid van die projek • Leer by ander provinsies en vergelyk geskiktheid en toepaslikheid vir die Wes-Kaap • Organiseer kleinskaal-seminaar oor ontwikkelings op hierdie gebied en identifiseer beste praktyk. • Rig 'n loodsperspeel op, gebaseer op beste praktyk 	<ul style="list-style-type: none"> • Versamel en stel lesse saam in boekvorm. Dit sal 'n kultuursensitiewe riglyn oor inisiasie vir ouers, gesondheidswerkers en die gemeenskap verskaf • Loods publikasie wanneer die volgende jaar se inisiasieseisoen begin

12. Goedkeuring



Jane Moleleki (Director: Arts, Culture and Language)
Date: 04 September 2014